



# KAMMANUUS

Nommer 363

4 November 2013

'n Publikasie van Onsdorp.com

## TOULEIER



## Heerlike rustigheid op Onrus

**D**it was 'n spesiale lekker blitsbesoek laas maand aan Duskantland, die land van Kanaan, êrens tussen Hemel en Aarde. Daar waar jy vinnig weer leer hoe om stadiger en meer sinvol te lewe. Daar naby Hermanus, Daardie kontrei waar die walvisse wei.

Ondanks sy naam, het ons vreeslik rustig verkeer in Onrus. Ek wonder waar kan mens uitvind van die oorsprong van die naam. Dis eerder die teenoorgestelde. Ek kon werklik nie een mens raakloop wat eers naby onrustig gelyk het nie. Jy moet net keer of die mense daar glip in 'n koma in. Soos die een bakkiekontraakteur (boukontraakteur wat sy bakkie as kantoor gebruik) my meedeel:

“Ek sal miskien eegs môgge kan kom kyk.” Ja nee, die Spanjaarde kan maar by ons kom leer en besef dat 'manjana' eintlik dui op hiperaktiwiteit teenoor die *netnou* of die *later* van die Suid-Kapenaars.

Of rustig soos die nuwe pad tussen Onrus en Hermanus. Die een wat hulle breër gemaak het. Mens sou aanneem dis om die verkeer bietjie vinniger te laat vloei, veral vir die vakansiegangers. O nee, toe loop plant hulle mos kort uitmekaar nuwe spoedbordjies wat wissel tussen 60 en 80 kilometer per uur. So ry mens mens ruk en en stoot, stadig, stadiger, stadig, stadiger. Net die wind wat daar gewaai het was haastig. Baie haastig.

As die wind daar waai, oos hy nou daar waai, dan steur hy hom aan geen spoedgrens nie. Gelukkig saam met dit, die lieflike reën! Ai, ons mis darem regtig die Kaapse reën wanneer ons weer terugkeer na hierdie woestynwêreld. Dan luister ons maar radio. Julle sal onthou dat ek laas gepraat het oor TunaRadio.

Ons eie Onsdorp.com se Retha Kruger bied mos *So Maak Mens* aan saam met Piet Labuschagne. Op [www.TunaRadio.net](http://www.TunaRadio.net). Julle moet dit tog nie mis nie. Hulle is elke Maandagoggend so teen 10 uur SA tyd op die lug. Dit word ook deur die week herhaal.

Retha het hoeka laas Maandag so lekker oor koolresepte gesels. Sy het my skoon na my oorle' skoonma laat verlang. Dié kon toor met kool. Gedurende Retha se aanbieding het sy die oulike storiëttjie oor kool herhaal wat laas jaar in Rapport verskyn het. Hierin vertel die skrywer juis hoekom sy oor so baie kool resepte beskik. Blykbaar haar twee boeties eendag uit pure katekwaad, die buurman se kooltuin gebruik vir teikenskië met hul ketties.

Om die vrede te herstel, moes ma maar al die verminkte koolkoppe by buurman koop. Weens die twee se akkurate skietery moes hulle toe vir weke lank variasies van kool vir elke maaltyd eet. Nou baat die hele volk vandag by die twee karnallies se strafproses. Ek self sal baie graag die kerriekoolresep wil probeer wat Retha voorgelees het. Kamermaatjie sal ongelukkig net vir 'n rukkie daarna maar windop moet bly van my af.

Ek hoor verder op RSG dat Suid-Afrikaners baie meer radio luister as meeste ander lande se mense. Hieraan pleit ek ook deesdae skuldig deurdar ek sommer partymaal sommer heeldag die radio oor die internet aan het hier by die werk.

Dit help met die verlange na Duskantland toe en sommer ook om op hoogte te bly met wat daar aangaan. Saans as ons in die bed klim, sit ons sommer die slimfoon op RSG en stel hom so dat hy eers self dooi lank nadat ons reeds weggedommel het in droomland. Ons gaan slaap dus in Afrikaans.

**Hennie Greeff**

Doha, Katar

**UITGEWER VAN KAMMANUUS**

# Om die kampvuur

## Nog nuwe regulasies vir werknemers

### OPERASIES

Dit word verbied. Solank as jy vir ons werk, het jy al jou organe nodig. Jy moet nie oorweeg om enige iets te laat verwyder nie. Ons het jou heel in diens geneem en verwydering van enige deel van jou word gesien as kontrak-breuk.

### VERLOF

Elke werknemer sal nou 104 dae per jaar verlof kry. Dit mag slegs op Saterdag en Sondag geneem word

### TOILETGEBRUIK

Glad te te veel tyd word in die ruskamers gemors. Dis in elk ge-val nie 'n plek waar mens rus nie. In die toekoms mag jy slegs op bepaalde tye en in alfabetiese orde die badkamers besoek.

Werknemers wie se vanne wat met A begin sal tussen 8 vm en 8:30 mag gaan, Die met B, tussen 8:30 en 9 vm ens. Indien jy nie in jou tydgleuf kan gaan nie, sal jy moet wag tot die volgende dag se beurt. In uiter-se nood mag tye uitge-ruil word. Dit moet egter skriftelik goedgekeur word voor deur beide persone se base. Werknemers met vanne soos Venter en Wasserfall word sterk aangeraai om maar voor werk te gaan tensy hulle oortyd wil werk om sodoende hulle tydgleuf te kan benut. Let ook op die nuwe drie minute reël op die troon. Elke drie minute sal daar 'n alarm afgaan en al die toiletdeure sal oopgaan.



## BOBBEJAANSTORIES (1)

**Dis nogal verbasend hoe baie bobbejaan-stories opgeteken is – soos die een oor Jack:**

Nog 'n merkwaardige mak bobbejaan in die Suid-Afrikaanse geskiedenis was een wat – glo dit – vir die spoorweë gewerk het. Sy naam was Jack.

Dié se baas was 'n spoorwegwerker wat in die 1890's in Uitenhage, in die Oos-Kaap, gewoon het. Hy moes sukkelend met twee houtbene loop nadat hy altwee sy bene in 'n spoorwegongeluk verloor het. Die ongelukkige man is toe aangestel om as wisselwagter op die stasie te werk.

'n Wissel is 'n toestel met 'n hefboom wat getrek word om treinspore só te verander dat 'n bewe-gende trein op 'n ander spoor sal gaan. Vandag geskied ons spoorreëlings veelal elektronies, maar destyds was dit anders.

En toe, só word vertel, het Jack se baas hom geleer om nie net elke hefboom van die wissels van Uitenhage se stasie te ken nie, maar ook hoe om die hefbome te hanteer en weer reg te stel nadat 'n trein die stasie verlaat het.

Geen geringe prestasie vir 'n nie-menslike primaat soos hierdie bobbejaanskind van ouds nie. Meen te sê, 'n bobbejaan is mos nie veronderstel om so skrande te wees as 'n sirkus-sjimpansee nie!

## Die herkoms van ons gesegdes (17)


**Kroon:** Die kroon span (ander oortref; die toppunt bereik). Amper 1000 jaar gelede in Middelnerlands het crone spannen beteken om die kroon, wat eintlik 'n lourierkrans was, op die kop vas te bind.

**Kroon:** Iemand na die kroon steek (Met iemand wedywer): Na aanleiding van die ridderlike steekspel waar jy jou opponent se kroon (krans) met jou lans moes probeer steek en van sy kop haal.

**Laai:** In ligte laaie; in ligitelaaie (aan die brand)

Een van die ouer betekenis van laai is "vlam" – dus vlamme wat die omgewing verlig.

**Laken:** Die lakens uitdeel (die baas speel) Ontleen aan die huishouding van ouds waar die persoon wat oor die linnekas baas was, die vernaamste in die huis was; dus: die huisvrou.

**HOENDERBOER**

Sipho kry 'n plaas present en besluit hy sal met hoenders boer. Hy gaan koop 100 kuikens, 'n week later nog 100, en toe nog 100.

"Jy koop darem baie kuikens?" vra die kuikenboer.

"Ja," antwoord Sipho. "Almal vrek. Ek dink ek moet begin om hulle verder uitmekaar te plant."

- Jou regterarm bruiner is as jou linkerarm.
- Jou voorarms dikker is as jou bo-arms.
- Jy beter kan bestuur op die grondpad as op 'n teerpad.
- Vier karre in 'n ry vir jou rowwe verkeer is.
- Jy versnel as daar 'n jakkals oor die pad hardloop.
- Jy 'n hek kan oop- en toemaak sonder om jou gesprek te onderbreek.
- Jy skaapkraal toe stap in plaas van kafee toe as die vleis op is.
- Hoender en vis vir jou tel onder groente.
- Jou honde net van pap en melk lewe.
- Jy meer as een keer per week bloei sonder om te weet hoe dit gebeur het.
- Jy drie stelle finansiële state aanhou. Een waarop jy amper bankrot is vir SARS, een waarop jy op die rand van miljoener is vir die bankbestuurder en een wat die waarheid is.
- Jy Zoeloe/Sotho beter kan praat as Engels.
- Jou Engelse woordeskat bestaan uit yes, yo, ythank you en "Vat vrou! Hulle praat al weer Engels!"
- Jy eerder jou hemp sal uittrek as jou hoed afhaal.
- Jy alle mans met die hand groet en al die vrouens soengroet, veral vreemde mense!
- Jy dink 'n meneer gee skool en al die ander mense kan aangespreek word as Oom en Tannie.
- Jy ingeskryf is op die Landbouweekblad en elke week uitsien na Werfbobbejaan.
- Jy liever is vir jou trekker as vir jou skoonseun.
- Jy kan se watter kant toe die wind waai sonder om jou vinger nat te lek.
- "Afrikaners wat saamstaan" vir jou beteken die beste is in die kraal.
- Jy op die 5de Julie nog 'n kortbroek dra.
- Jy dink metro-man is die nuwe naam vir moffies
- Jy die weer beter kan voorspel as die SABC.
- Jou radio iewers tussen 100 en 103 staan.
- Jy elke keer moet gaan was en mooi aantrek as jy 'n kar hoor aankom.
- Jy die woord "jel" net gebruik in sinne soos: "jel, maar dit is koud!" of "jel, maar nou is ek honger!"
- Jy naastenby enige iets kan regmaak met insulation-tape, 'n tang en bloudraad.

**NOG KERKAANKONDIGINGS**

\*Die blomme in die kerk sal geskenk word aan diegene wat siek is na die erediens.

\*Volgende week word die kerkradsvergadering Woensdag om sewe-uur gehou, en die predikant van Sondag is in die konsistorie opgeplak.

\*Basaarafkondiging: Almal welkom! Kom gerus as jy niks aanhet nie en kom deel in die pret.

\*November die negentiende om tienuur. Oggenddiens: Ds. Bruwer - Die wêreld se grootste probleem.

# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)



"Welkom terug! Is jy hier vir die nag, of is dit vir jou gewone uitgerekte verblyf?"

## MISVERSTAND

Die vrou is besig met 'n mediese ondersoek.

"Jou hart, longe, polsslag en bloeddruk is gesond. Laat ek nou kyk na daardie dingetjie wat julle dames in allerhande moeilikheid laat beland."

Die vrou het begin om haar klere uit te trek.

"Nee! Nee!" sê die dokter. Moenie jou klere uittrek nie, steek net jou tong uit!"

## VERKEERDE BED

Die deftige vrou sit op 'n parkbankie toe 'n boemelaar langs haar gaan sit.

"Hallo, Skattie!" sê hy.

"Wie de hel is jou skattie?" sê sy boos.

"Nou wat soek jy dan in my kooi?" vra hy.

## BOKSBURG

**V:** Hoekom is daar nie muskiete in Boksburg nie?

**A:** Want muskiete soek bloed, nie brandewyn nie.

## BY DIE HEMELPOORT

Petrus sit by die Hemelpoort se hekke toe twee ouens wat na regte skarminkels lyk daar aankom. Hy gaan vra by God raad oor die nuwe aankomelinge.

"Hoeveel keer moet ek dit nog sê?

Hier mag jy nie oordeel nie. Ons is almal broers. Gaan terug en laat hulle inkom," sê God.

Petrus stap terug na die poort en sug hard. Hy gaan terug na God toe en sê: "Wel, hulle is weg."

"Die twee skarminkels?" vra God.

"Nee," sê Petrus. "Die twee goue hekke is weg."

## NONNE BY DIE RUGBY

Drie mans sit op die rugbypaviljoen na die eindstryd en kyk. Voor hulle sit drie nonne wie se hooftoosels hul uitsig bietjie versper.

Hulle begin aanmerkings maak in die hoop dat die nonne dalk sal skuif.

Nommer Een: "Ek dink ek wil Sydney toe gaan. Ek hoor daar is net 100 nonne."

Nommer Twee: "Ek wil Tasmanië toe gaan. Hulle sê daar is net 50 nonne."

Nommer Drie: "Ek dink Nieu-Seeland is die beste roep. Ek hoor daar is net 25 nonne."

Toe draai een van die nonne om en sê met 'n soet stemmetjie:

"Hoekom gaan julle al drie nie liever hel toe nie. Daar is glad nie nonne nie."

## MOELIKE SAAK

Die man was moedeloos om geld wat hom geskuld word, te kry. Hy stuur toe 'n e-pos met 'n foto van hom, sy vrou en drie kinders, met die boodskap: "Dis hoekom ek die geld nodig het."

Hy kry toe 'n foto van 'n aanvallige vrou in 'n bikini terug, met die boodskap:

"En dis hoekom ek sukkel om jou te betaal."

## PEANUTS deur Schulz



# Duskantlander in Anderkantland



## Thais leef plat op die aarde

Deur Johan Oosthuizen

Nou ja, net so 'n kykie op ons Thai ervaring. Ons was nog nie een dag spyt dat ons gekom het nie, want ons is dolgelukkig hier. Hier kom 'n mens tot rus want niks jaag jou nie en daar is geen rotteresies nie. Die Thais leef plat op die aarde uit die aarde uit.

Die Thais: die dierbaarste mense denkbaar. Soveel gasvryheid en omgee vir mekaar het ons nog nie beleef nie. Ons was smoorkwaad toe ons agterkom die bure kom pluk van ons mango's, tot hulle weer van hulle vrugte op ons trappies kom aflewer het. Dié wat het, deel net eenvoudig met die wat nie het nie.

Een van die onderwyseresse by die skool het nou die dag vir my kom sê ons hoef nooit weer rys te koop nie want sy sal vir ons sorg solank ons hier bly. As ons van die bus af klim na 'n inkopie-uittog na die buurdorp, sal 'n wildvreemde langs ons stop en aanbied om ons huis toe te neem.

Geen bedelaars op straat en geen suipery en messtekery nie. Die mense steel nie. Jy kan maar van winkel tot winkel ry en jou goedjies in die fietsmandjie los en weet dit sal onaangeraak bly. Leeglê is 'n skande en as jy wil eet, moet jy werk.

As goed weggegooi word, kan jy maar weet dis niks werd nie. Niks wat in 'n bruikbare artikel verwerk kan word, word weggegooi nie. Ja, hulle is arm, maar so edel as kan kom. Die Thais is 'n trotse nasie. Die volkslied word daagliks oor die radio, TV en by skoolopening gesing. Die vlag word gehys en trou aan koning, volk en vaderland gesweer.

**Vervoer:** tipies derdewêrelds, maar alles werk. Toerbusse is uiters luuks, maar gewone busse laat jou wonder. Die goed is gehawend en dateer uit die jare '60 en '70, maar alles werk, tot die dakwaaiers. As die sleutel nie die bus aan die loop kan kry nie, is daar altyd los drade wat die ding kan doen, want die drywer ken sy bus.

Dieselfde wat **treine** betref, maar dis nog beter as luukse treine met stakende spoorwegpersoneel!



**Mense sterf nie op paaie in ons omgewing nie en ongelukke is byna ongekend.**

Per capita het Thailand die meeste bakkie-eienaars op aarde. Sedanmotors is maar skaars op die platteland. Bakkies is gemaak om te werk. Jy koop hom met oorlaaiere en jy pomp die bande hard en as die bakkie se voorwiele nog op die pad is, weet jy die bakkie is nie oorlaai nie.

**Skoolbussies** is omgeboude 3-ton lorrietjies met sitplek op die bak en net soveel sitplekke op 'n soort stellasië op pilaartjies. Die reling is net sowat 300 mm hoog, maar die kinders weet hulle moet vashou as hulle nie wil afval nie.

**Motorfiets** en bromponies: die wet sê jy moet 16 wees voor jy mag ry, maar die praktyk sê as jou voete en arms kan bykom, kan jy maar gaan. Jy mag oplaai ook en drie laerskoolkinders op 'n ryding is niks vreemds nie. As twee ma's en hulle vyf kindertjies moet ry, ry hulle. Twee voor die drywer, twee tussen die drywer en passasier en die vyfde een op die passasier se rug.

Omdat daar selde of ooit ongelukke by ons plaasvind, pla dit niemand nie. Hoe dit werk, weet nugter, maar mense sterf nie op paaie in ons omgewing nie en ongelukke is byna ongekend. Miskien is dit omdat niks die mense jaag nie en hulle leef en laat leef.

**Kos en mark:** Omdat net die rykes (en hulle is min) kombuisgeriewe in hulle huise het, is die kosmark die hart van elke dorp en dié wat nie op die mark plek kry nie, maak kos net waar hulle wil. *Health and Safety* wat Engeland tot stilstand kan dwing, bestaan nie hier nie. Almal doen hulle ding en as dit werk en 'n diens word gelewer, is niemand gepla nie.

Glo my, hulle eet alles. Blare, wortels, knolle, kruie, bolle, stingels, vrugte en groente te kies en te keur. Paddaeiers, paddavisse en paddas geslag of lewendig word aangebied.

Geleen by die webwerf [wereldwyd.co.za](http://wereldwyd.co.za)

# Uit die wakis

Stories vir die vaak



## Slaan 'n slag vir verdraagsaamheid

**Ek is regtig verbaas dat so baie mense gekant is teen die bou van 'n groot moskee in Houghton.**

**Ek dink dit moet elke Suid-Afrikaner se doelwit wees om verdraagsaam te wees. Die bou van die moskee moet goedgekeur word in 'n poging om verdraagsaamheid te bevorder.**

**Dis hoekom ek voorstel dat twee nagklubs weerskante van die moskee gebou word om verdraagsaamheid vanuit die moskee te bevorder.**

**Ons kan die een klub The Turban Cowboy noem, en dit moet op gays gemik wees. Die ander een moet 'n bostuklose kroeg wees met die naam You Mecca Me Hot.**

**Langsaan moet daar 'n slagtery wees wat spesialiseer in verkleisprodukte, met langsaan 'n braairestaurant met die naam Iraq o' Ribs.**

**Oorkant die straat moet daar 'n klerewinkel wees met die naam Victoria Keeps Nothing Secret, met seksmannekyne met kort burkas wat die goedere in die winkelvenster vertoon.**

**Langsaan die klerewinkel moet daar 'n drankwinkel wees met die naam Morehammered.**

**Al hierdie voorstelle sal aan Moslems die verdraagsaamheid demonstreer wat hulle van ons eis en dit sal die hele Moslemprobleem oplos.**

**Hy  
móét  
mos  
dronk  
wees!**

Toe die predikant met die huwelikseremonie wil begin, kom hy gou agter die bruidegom is só dronk dat hy nie deur sy oë kan sien nie.

Die predikant vererg hom vreeslik en fluister vir die taamlik onaansienlike bruid:

"Vat hom hier weg en kry hom eers nugter; dán sal ek met die troue voortgaan!"

"Maar, Dominee," protesteer sy, "as hy nugter is, sal hy nie kom nie."

## NOAG SE ARK: Alles wat jy moet weet



**EEN:** Moenie die boot mis nie.

**TWEE:** Onthou, ons is almal in dieselfde bootjie.

**DRIE:** Beplan vooruit. Dit het nie gereën toe Noag begin het om die ark te bou nie.

**VIER:** Bly fiks. Iemand kan jou dalk vra om 'n groot taak te verrig wanneer jy 60 is.

**VYF:** Moenie na die kritici luister nie. Maak klaar wat jy besig is om te doen.

**SES:** Bou jou toekoms op hoë grond.

**SEWE:** Reis in pare, dis veiliger.

**AGT:** Spoed is nie alles nie. Daar was slakke saam met die Cheethas aan boord.

**NEGE:** Dryf 'n bietjie as jy gestres is.

**TIEN:** Onthou, die ark is deur amateurs gebou. Die Titanic is deur beroepslui gebou.

**ELF:** Maak nie saak hoe erg die storm is nie, as jy met God is, wag daar altyd 'n reënboog op jou.



## Wetenskaplike studie Hoekom is daar so baie dooie kraaie op snelweë?

Navorsers in die Amerikaanse stad Boston het onlangs meer as 200 dooie kraaie gevind en was bekommerd dat hulle dalk van Asiatiese griep gevrek het.

'n Voëlpatoloog het die karkasse ondersoek en tot almal se verligting bevind dat dit nie die geval is nie. Die oorsaak is botsings met voertuie.

Tydens die ondersoek is daar opgelet dat daar verskillende kleure verf aan die kraaie se snawels en kloue was.

Die verf is ontleed en daar is gevind dat 98% van die kraaie gevrek het weens hul impak met vragmotors - net 2% van die vrektes is aan motors toegeskryf.

Daar is toe verdere ondersoek ingestel oor die groot persentasie-verskil.

Uiteindelik is 'n maklike antwoord gevind: Wanneer kraaie van die pad af vreet, is daar altyd 'n spioen in 'n uitkykpunt naby om hulle teen naderende gevaar te waarsku.

Daar is gevind dat almal se waarskuwingsroep "Cah!" is. Nie een van hulle skree "Truck!" nie.

**Verstommend, is dit nie?**

## Van tyd weet varke niks!

'n Stadsjapie het Elgin besoek en gesien hoe 'n boer besig is om sy trop varke in die appelboom te voer.

Hy het sy kar gestop en gekyk hoe die boer die varke beurtelings optel sodat hulle van die appels aan die boom kon eet.

Die stadsjapie was 'n kenner van effektiewe sakemetodes. Na 'n ruk kon hy dit nie meer verduur nie, klim uit en vra hoekom hy nie liever die appels afskud nie sodat die varke dit op die grond kan vreet.

"Hoekom sal ek dit doen?" het die verbaasde boer gevra.

"Wel, dink aan die baie tyd wat jy sal spaar as jy dit so doen!"

Die boer het net gelag, en gesê: "My liewe mens, varke het absoluut geen begrip van tyd nie!"

# STAMBOOM

## Help ons familiespeurders

**DE BEER** els.adri@gmail.com

Ek wil graag meer uitvind van die De Beer-stamboom. Enigste familienaam wat ek ken is Adriaan Albertus en Adriana Alberta. My pa se familie was van die bont bere gewees volgens sy vertellings.

**DE NYSSCHEN** leoni.buys.3@facebook.com

Ockert Albertus De Nysschen gebore 1922 sterf 2000. Martha Susanna Elizabeth De Nysschen (gebore Van Rooyen) gebore 1930 sterf 1999.

**DU TOIT** rianaler@mweb.co.za

Ek benodig familie details aangaande Andries Stephanus du Toit gebore 1864, getroud met Susanna Johanna Swanepoel, na Randburg verhuis en daar gesterf -- asook enige Roelof Petrus du Toit's.

**ENGELBRECHT** antoinetteopp@telkomsa.net

My ouma was Sarie Theart en is met my oupa Willem Daniel Engelbrecht getroud. My oupa het in O'Okiep in Namakwaland naby Springbok afgetree en na Klawer verhuis. Oupa is in 1974 of 1975 oorlede. Ek was nog baie klein en ouma is 27 Julie 1990 oorlede. Ek weet daar is baie van my oupa en ouma se familie in Vredendal en Seder berge. My pa was ook Willem Daniel Engelbrecht en hulle het hom Tokkie genome. Sy broer is Hentie Engelbrecht en hy was spietkop op Springbok. Ek was een van twee kinders. My broer is Niel Engelbrecht ook Willem Daniel en my naam is Antoinette. My ma was Anna-Marie Beukes.

**FOURIE** fjfourie@telkomsa.net

Francois Fourie

Bly tans in Jeffreysbaai.

**HUMAN** sylvia2@vodamail.co.za

Johannes Albertus Human gebore 16.8.1923, op Barkley Wes. Oorlede 10.10.1976 in Zimbabwe Wankie hospital.

**HURN** ria.deswardt@mediclinic.co.za

Oupa was Willen Adriaan Hurn gebore 27 April 1909. Sy pa was Robert Hurn en sy ma, Johanna Maria gebore Saunders. Hulle het in Groot Marico gebly, ons hou 'n familie reunie vir al die kinders & kleinkinders & agterklein kinders van Willem Adriaan Hurn en Salomina Johanna Maria Hurn (gebore du Preez). Haar pa was Lodewickus du Preez en haar ma was Anna Cristina (gebore Oberholzer).

**JOHANSSEN** pietj@mweb.co.za

Ek is op soek na enige Johannsen. Torval veral, wat na RSA gekom het vanaf Noorwee. Hy is in Kaapstad getroud is met Hester Lawrence in 1895 in St Marks Kerk Dist 6. Alle inligting welkom

**KLAASEN** Margieseptember5@gmail.com

Hendrik Klaasen, gebore 5 Augustus 1925 te graaf reinette. Sy oom se naam was Tom wat hom grootgemaak het. Hy is dringend opsoek na sy familie. Sy telefoonno is 0825971398.

**VOLSCHENK** acvolschenk100@mail.com

Riversdal omgewing soek na broer van J J Volschenk en van sy nasate 1820.

## Ontspan! Daar is 'n goeie rede!

Die skoonma kom tuis en vind haar skoonseun verwoed en dikbek aan die tasse pak. Hy is in 'n verwoede bui en sy besef sy sal moet optree voordat hy iets onverantwoordelik doen.

"Wat gaan aan?" vra sy.

Scoonseun: "O, nè? Ek het Mary 'n e-pos gestuur om te sê ek sal ná my reis vandag tuis wees.

"Ek kom toe tuis en wat vind ek? My vrou, ja, jou dogter, met 'n kaal man in ons huweliksbed! Dis die einde van ons, ek gaan haar verlaat!"

"Kalmeer tog!" sê die skoonma. "Iets is nie lekker nie. Mary sal nooit so iets doen nie! Wag, laat ek uitvind wat het gebeur."

Minute later kom die ma terug met 'n groot glimlag.

"Sien jy, ek het jou gesê daar moet 'n eenvoudige verduideliking wees. Sy het nie jou e-pos ontvang nie!"



# AGTEROS

## Net voor uitspantyd



Ons skep werk, ons kry jammer, ons bid, ons tel babas in asblikke op en maak hulle groot.

Deur  
ENIELEDAM NAMUH

In een van Chris Chameleon se vertolkings van 'n Ingrid Jonker gedig moes hy alles ageruit doen, die woorde moes hy agteruit leer en sing sodat die video so geskiet kan word waar hy onder die water in die see uitkom en droog op die strand uitloop.

Dowwe Dolla beweer dis wat Ard probeer doen het met die ramspoedige sing van ons Volkslied op die sport glansgeleentheid van die jaar. Dit bring my by my punt vandag.

Ek wil graag vir ons bekende eerwaarde Desmond Tutu sê, wat voorstel dat ons blankes (wittes) welvaartsbelasting moet betaal, en ook wil ek vir jeugleier Julius Malema sê, wat beweer dat daar 'n blanke (wit) besigheidsmonopolie in onse land is, dat hulle dit heeltemal agterstevoor en onderstebo het, want :

Ons GEE, ons sorg, ons voorsien, ons deel uit, ons kook sop, ons bak brood, ons maak ons klerekaste leeg, ons "tip" vir die stoot van 'n trollies by die winkel met twee items in, ons tip vir ons kar se oppas, ons tip vir ons kar se was.

Ons betaal vir uitgebreide familieledede se begrafnisse tot in die derde geslag, ons betaal skoolgeld en boekegeld vir kinders, neefs en niggies. Ons laat ons huishoudsters leer, ons brei trueie, musse, handskoene, ons koop komberse, ons gee klasse in papiere optel, kook, brei, hekel, kleremaak, spit, boer, plant, koeie melk.

Ons GEE.

Ons koop oorpakke, koop verjaarsdagkoeke, koop pille, betaal die taxi, gee ons kosbare padkos langs die pad weg en sweeties deur kar en treinvensters. Ons GEE.

Ons skep werk, ons kry jammer, ons bid, ons tel babas in asblikke op en maak hulle groot, ons gee Kerspartytjies in kleuterskole in plakkerskampe, ons laat opereer, ons gee ons harte, lewers, niere, longe, poepol en tonge.

Ons GEE.

Ons is nie rassisties nie, ons is nie wraakgierig nie, ons bly steeds hier in ons land, ons maak skoon, ry aan, laai af, tel op. Ons troos, verduidelik, ons bly kalm, staan in lang rye en glimlag, en laat die een met die krukke eerste gaan.

Het ek al gesê ons GEE? So ek dink iewers tussen êrens en nêrens het julle die kat aan die stert beet, en het julle alles agterstevoor en onderstebo.

ENIELEDAM NAMUH (Agerstevoor vir Madeleine Human)

**KAMMANUUS VERSKYN WEER OP 18 NOVEMBER**